LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1 Faks: 044 – 691 2046 Posbus 96
E-Pos: parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI
Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit 6500

24 Augustus 2020

Geagte Ouers

Op Saterdag, 15 Augustus 2020, het President Ramaphosa aangekondig dat die nasionale COVID-19-ramptoestand tot 15 September 2020 verleng word en die land na Waarskuwingsvlak 2 oorgaan.

Ek besef dat die afgelope vyf maande angstigheid en kommer gewek het, maar ons as skool moet nou meer as ooit met 'n positiewe ingesteldheid vorentoe kyk en sorg dat ons gehalte-onderrig vir elke kind, in elke klaskamer, verseker.

Die kwartaal is goed op dreef en dit gaan onder Covid-omstandighede baie goed met ons leerders. Die skool is stelselmatig besig om sy akademiese ritme te vind, al woon die leerders slegs skool op die alternatiewe dagstelsel by.

Hoewel die president aangekondig het dat Suid-Afrika na Waarskuwingsvlak 2 oorgegaan het, moet ons nie onverskillig wees nie. Die afbeweeg van die grendelstaat na vlak twee het die vryliker rondbeweeg van mense moontlik gemaak, alhoewel dit nie ‘n noemenswaardige verskil met die skoolsituasie veroorsaak het nie. Die enigste riglyn wat tans verander het, is dat daar meer as 50 mense in die saal byeen mag kom, waar sosiale afstand nog steeds van toepassing is. Dit gaan die skryf van die eksamens in sekere grade vorentoe vergemaklik. Maak asseblief seker dat u nog steeds aan al die gesondheids- en veiligheidsprotokol voldoen. Maskers moet te alle tye korrek gedra word.

Die WKOD het versoek dat daar steeds seker gemaak word dat persone wat die skoolterrein binnekom slegs tot leerders, onderwysers, nie-onderrig- en ondersteuningspersoneel beperk word. Buitemuurse aktiwiteite soos sport- en kulturele aktiwiteite kan ongelukkig nog nie plaasvind nie.

Ouers moet ook duidelik besef dat leerders nie net **outomaties oorgeplaas** gaan word aan die einde van die jaar nie en daarom verwag die skool dat leerders hul akademiese verantwoordelikhede en werksopdragte getrou moet nakom. Dit geld ook vir leerders met komorbiditeite wat tans by die huis is. Dit is uiters belangrik dat leerders nie vir onnodige redes uit die skool bly nie.

ASSESSERINGS : LEERDERS MET KOMORBIDITEITE

Daar sal van leerders met komorbiditeite verwag word om sekere assesserings op vasgestelde dae en tye in die skoolsaal te kom afhandel. U sal vooraf in kennis gestel word van die bepaalde dag, tyd en vak wat afgehandel gaan word. Leerders sal direk na afhandeling van die assessering weer huis toe gaan.

NUWE JAARKALENDER

Ek heg vir u die nuutste kalender aan. Ons vertrou dat dit die laaste een van diè jaar sal wees.

KWT	Duur	Aantal weke	Aantal dae	Aantal vakansiedae	Werklike aantal skooldae
1	(13) 15 Jan – 18 Maart	10	(48) 46	00	(48) 46
2	(01 June) 08 Junie – 24 Julie	(08) 07	(40) 35	01	(39) 34
3	24 Augustus – 23 Oktober	09	45	01	44
4	02 November – 15 Desember	07	32	00	32
	Totaal	**(34) 33**	**(165) 158**	**02**	**(163) 156**

LENTEDAG

Lentedag gaan vanjaar oor twee dae gevier word op 1 en 2 September 2020 om al die leerders geleentheid te gee om dit te vier. Leerders moet op hierdie dae skoolklere aantrek en kreatiewe haarversiersels (Lawwe hare-idees) in hul hare sit.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit